**BEWARINGSEKOLOGIE & ENTOMOLOGIE**

**Hoe pas die Bewaringsekologie-program in die Departement Bewaringsekologie en Entomologie in?**

Die Bewaringsekologie-program vorm die kern van die voorgraadse opleidingsinisiatiewe in die Departement Bewaringsekologie en Entomologie. Dis spesifiek ontwikkel om die toekomstige geslag bewaringspraktisyns op te lei. Met die voltooiing van die Bewaringsekologie-program ontvang jy die BSc Bewaringsekologie-graad.

**Het ek Fisiese Wetenskappe in Graad 12 nodig om BScBewaringsekologie te studeer?**

Ja, jy moet Wiskunde en Fisiese Wetenskappe op matriekvlak slaag.

**Kan ek BScBewaringsekologie studeer as ek Wiskundige Geletterdheid op skool het?**

Nee, ongelukkig benodig jy suiwer Wiskunde.

**Wat is die toelatingsvereistes (d.w.s. skoolvakke en toepaslike punte) vir die Bewaringsekologie-program?**

60% gemiddeld vir die NSS, 50% vir Engels of Afrikaans, 60% vir Wiskunde en 50% vir Fisiese Wetenskappe. Let asseblief daarop dat daar net ‘n beperkte aantal plekke beskikbaar is, en deur te voldoen aan die vereistes, waarborg ongelukkig nie ‘n plek in die program nie.

**Hoeveel jaar is die BSc Bewaringsekologie-program?**

Die program duur vier jaar.

**Wat is die vereistes indien ek nie die NSS-kurrikulum volg nie?**

Matriekvrystelling met Wiskunde en Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) word vereis.

**Wat is die werksgeleenthede beskikbaar met ‘n BScBewaringsekologie-graad?**

Werksgeleenthede is redelik uiteenlopend. Kyk asseblief na die Bewaringsekologie-programaanbieding en ook na die Alumni-profielbladsye vir voorbeelde.

**Kan ek na suksesvolle voltooiing van ’n BScBewaringsekologie direk vir 'n MSc registreer?**

Ja, in beginsel kan jy wel, maar afhangende van die akademiese instelling waar jy beplan om te registreer, is daar moontlik minimum vereiste/s vir jou finalejaarvakke.

**Sluit die BScBewaringsekologie-program veldwerk in?**

Ja, vanaf die 2de jaar sal jy geleidelik meer tyd in die veld deurbringr. Velduitstappies vind hoofsaaklik tydens die 3-uur praktiese sessies plaas. In die 4de jaar word daar van jou verwag om 'n mini-navorsingsprojek uit te voer wat veldwerk kan insluit (afhangende van die tipe projek wat jy kies).

**Wat is die verskil tussen die programme vir Biodiversiteit en Ekologie (BDE) en Bewaringsekologie?**

Kyk gerus asseblief na die Bewaringsekologie-programaanbieding. Die verskil word in dié aanbieding verduidelik. In kort –die BDE program is teoreties en in diepte op Plant- en Dierkundige konsepte gefokus, wyl Bewaringsekologie dieselde basis het, maar die kennis

gebruik om die bewaring van spesies en ekostelsels op 'n meer praktiese (toegepaste) wyse toe te pas. Ons fokus op systeme.

**Kan ek tussen die twee bovermelde programme oorskakel indien ek van plan verander?**

Ja, mits daar plek in die nuwe program is. Ook, let op programbotsings, want daar is enkele verskille. Die beste tyd vir 'n programverandering sal vroeg (binne die eerste twee weke) in die 1ste jaar of na die voltooiing van die 1ste jaar wees. wo weeks) in or after completing the 1st year.